Hoërskool Marais Viljoen
Marais Viljoen High School

P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v/c/o Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26°16.643′ E28°07.972′
(T): 011 907 9013/4 (F): 011 9071038

4 Desember 2019
Geagte Ouers/Voogde

OMSENDSKRYWE 14 (2019)

Dit is met dankbaarheid dat ons terugkyk na ’n jaar met baie hoogtepunte. Ons kan werklik getuig dat die guns van die Here op ons skool rus. Ons streef daarna om deur die bemoeienis met elke leerder, hulle met die nodige toe te rus om ’n veranderde wêreld in die oë te kyk. Dit is egter nie moontlik sonder die ondersteuning van u as ouer/voog nie en daarom wil ons u bedank vir u betrokkenheid by u kind en skool.

1. ONS SÊ TOTSIENS VIR PERSONEEL

Die einde van ‘n skooljaar bring altyd vreugdes: ‘n welverdiende rustyd, Kersfees wat nader kom, die opgewondenheid van ‘n nuwe jaar met uitdagings.Tog bring die einde van 2019 ook hartseer in Marais Viljoen-geledere, aangesien ons kollegas (of eerder dierbare vriende) moet groet. Mev. N. Moroney, mev. D. Prinsloo, mev. C. Hattingh, mev. M. Roets, mev. B du Toit, mev. D Zwecker-Pienaar en mev. E. Botha verlaat ons. Ons bedank hulle vir die tyd wat hulle by ons was en wens hulle net die beste vir die toekoms toe.

2. SKOOLGELD

Ons Algemene Begrotingsvergadering het gedurende November plaasgevind. Die Voorsitter van die finansiële komitee van die Beheerliggaam (BL), mnr. Jaqcues de Villiers, het namens die BL die begroting vir 2020 aan die ouers voorgelê. Die skoolgeld vir 2020 is deur die ouers teenwoordig, aanvaar.

Die totale skoolgeld (eerste betaling ingesluit) vir 2020 is vasgestel op R28 800.00

A. Skoolgeld met korting

’n Korting (afslag op skoolgeld) is van toepassing indien u van een van die volgende twee opsies gebruik maak:

<u>Opsie 1 : Eenmalige betaling</u>

Indien u voor of op 28 Februarie 2020 betaal (kontant, tjek, EFT of kredietkaart):

Totale skoolgeld in 2020	R28 800
Minus eerste betaling (betaalbaar voor of op 30 November 2019)	R 2 800
Balans betaalbaar voor 28 Februarie 2020	R26 000
Minus korting	R 2 320
TOTAAL	R23 680

Opsie 2: Betaling deur middel van AEDO debietorder

Totale skoolgeld in 2020	R28 800
Minus eerste betaling (betaalbaar voor of op 30 November 2019)	R 2 800
	R26 000
Minus korting	R 2 130
Vaste debietorder per maand oor 11 maande Jan. – Nov. 2020	R 2 170
TOTAAL	R26 670

Neem asseblief kennis dat indien u debietorder as onbetaald terugkom, verbeur u die korting.

L.W. Indien u gedurende hierdie jaar (2019) van die AEDO stelsel gebruik gemaak het, moet u **weer** u kaart by die skool kom "swipe".

B. Skoolgeld indien u nie van opsie 1 of 2 gebruik maak nie

'n Maandelikse bedrag van R2 170.00 oor **12 maande** is betaalbaar indien u nie gebruik maak van Opsie 1 of 2 nie. U kan betaal deur middel van elektroniese oorplasing, tjek, kontant, kredietkaart of debietkaart.

Skoolgeld vir 2020	R28 800
Minus eerste betaling (betaalbaar voor of op 30 November 2019)	R 2 800
	R26 000

Elektroniese oorplasing bankbesonderhede:
ABSA Bank, Albertontak
Rekeningnr : 210-510-990
Takkode : 631 – 142
Verwysing : Naam en Van van leerder en rekeningnommer.

3. AANSOEK OM SUBSIDIE

Alle ouers word hiermee amptelik in kennis gestel dat ouers wat kwalifiseer vir afslag of vrystelling van skoolgeld, jaarliks skriftelik aansoek moet doen deur middel van 'n aansoekvorm wat beskikbaar is in Kamer 1.

Die aansoeke sluit op 28 Februarie 2020.

Ouers moet asseblief kennis neem dat ons skool skoolgeld hef en invorder, en dat ons dus streng volgens die begroting funksioneer.

4. DANKBETUIGING

Baie dankie aan elke ouer wat die Begrotingsvergadering op 11 November bygewoon het.
Ons bedank mnr. Jaqcues de Villiers, mev. Adri Shaw, (Bestuurder Finansies en Administrasie), die Beheerliggaam en die Portefeuljebestuurders vir hulle harde werk.
Ons verseker u dat die skool se begroting ten doel het om effektiewe onderrig aan u kind te bied, asook fasiliteite daar te stel vir elke leerder om te geniet en te gebruik.

5. VAKVERANDERINGS IN GRAAD 10 – 11

Volgens departementele voorskrif mag 'n leerder slegs twee vakke in **graad 10** verander en dit moet voor **30 Junie 2020** afgehandel wees.

In **graad 11** mag 'n leerder ook twee vakke verander, maar die sluitingsdatum hiervoor is egter **27 Maart 2020**.

Dit is dus van uiterste belang dat u seker maak dat enige veranderinge voor hierdie datums afgehandel is, aangesien geen veranderings daarna gemaak kan word nie.

6. MATRIEKAFSKEID EN SKOOLGELD

Matriekouers moet asb. daarop let dat die bywoning van u graad 12-leerder se matriekafskeid onderhewig is aan of die kind se skoolgeld op datum is en of daar reëlings getref is met die finansiële kantoor vir agterstallige skoolgeld. Matriekafskeidgelde is addisioneel en is nie deel van die skoolgeld nie.

7. SKRYFBEHOEFTELYSTE

Elke leerder het ’n skryfbehoeftelys saam met die rapport ontvang. U is welkom om van ons verskaffer, Rein Supplies, gebruik te maak, of van ’n verskaffer van u voorkeur. Ons doen egter ’n beroep op u om die lyste nougeset te volg, sodat u kind gereed sal wees vir die akademiese jaar van 2020.

8. BEHOEFTIGE LEERDERS

Ons skool se behoeftige leerders word op die volgende terreine ondersteun:
Daaglikse toebroodjies gedurende pouses.
Skryfbehoeftes en boeke.
Kospakkies word by huise afgelaai waar daar kosnood is.
Kampe en toere se kostes.
Skoolklere.
Matriekafskeid.

Ons sal enige skenkings en ondersteuning opreg waardeer.
Ons bankbesonderhede is soos volg:

ABSA Alberton
Rekeningnommer: 210 510 990
Taknommer: 632 005
Verwysing: CIA

Enige navrae kan aan Elanza de Villiers gerig word by 0119079013 of elanzav@maraisviljoen.co.za.

9. MATRIEKDRAG

Die matriekseuns mag slegs die 5-Sak Barron Chino met kleur: stone dra. Hierdie broek kan slegs by The Shop@ Marais Viljoen gekoop word. Die matriekdrag sal by The Shop @ Marais Viljoen beskikbaar wees van 10 Januarie af van 10:00 tot 14:00. Geen ander broeke word toegelaat nie. Broeke wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie, sal gekonfiskeer word en eers aan die einde van die jaar teruggegee word.

10. GEKLEURDE HARE

As ‘n leerder se hare gekleur is, sal die leerder 50 strafpunte ontvang, waarna die leerder ‘n brief van mev. Zwecker in die dagboek moet kry. Indien die leerder nie in die besit van so ‘n brief is nie, sal daar met elke inspeksie 50 strafpunte gegee word, totdat die brief gewys kan word.

11. MARAIS VILJOENSERP

Alle leerders mag saam met hulle wintersdrag die blou Marais Viljoenserp dra. Slegs leerders wat erekleure het, mag die geel Marais Viljoenserp dra. Hierdie serp kan slegs by mev. Shaw in kamer 1 gekoop word. Verkeerde serpe sal gekonfiskeer word.

12. INSPEKSIE

Sodra die skool in Januarie begin, sal daar inspeksie gehou word. Maak asseblief seker dat u kind aan al die reëls voldoen, anders sal daar strafpunte gegee moet word.

Ons wil graag al ons ouers en leerders ’n heerlike vakansie en ’n Geseënde Kersfees toewens.

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF

LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING